

# PAARL-SKOOL
**NUUSBRIEF 2/2022**

# PAARL SCHOOL
**NEWSLETTER 2/2022**

## Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

### Danksegging

Die Amerikaners het ‘n baie unieke danksseggingsdag in November elke jaar, ons ken dit as “Thanksgiving” uit rolprente en TV-reekse. Dit het my baie laat dink hoe dankbaar ek moet wees en my laat wonder of ek genoeg “dankie” sê. Dit is só maklik om te verval in ‘n gees van ondankbaarheid en erger nog ‘n gees van onvergenoegdheid. Ek het so ‘n week of wat gelede in die gang geloop toe een van die kleiner leerdertjies my spontaan bedank het dat ons weer saalbyeenkomste kan hou.

Ons het dit al as vanselfsprekend begin sien totdat COVID dit gestop het. Nou waardeer ons dit weer!

Dankbaarheid en om dankie te sê is natuurlik ‘n Bybelse waarheid en ‘n waarde om na te streef. Ons moet nooit ophou om ons kinders te leer om dankie te sê nie – en dit ook te bedoel.

**Tien melaatses word genees**
Lukas 17:17:
*Jesus het vir hom gevra: "Al tien is genees, nie waar nie? Waar is die ander nege dan?"*

Geniet die vakansie saam met u kind!

Groete
Stoffel Kruger




# Prefekte reik uit

Paarl-skool se prefekte het hiérdie kwartaal uitgereik na die 1ste groep personeel wat "agter die skerms werk"; wie elkeen 'n besonderse rol speel om Paarl-skool 'n leerdervriendelike omgewing te maak, waar omgee, ekstra hulp en ondersteuning die boustene van sukses is. Dankie aan al die busbestuurders, admin personeel, gronde-personeel, assesseringsakkommodasie-diensverskaffers, koshuispersoneel en studiehelpers vir alles wat julle doen. "As die wêreld meer mense soos julle gehad het, sou dit 'n beter plek gewees het. Julle maak 'n verskil."










Joalet Viljoen



Matthew Sadoucas

# Hoofleiers

## TWEEDE KWARTAAL

**TROTS** *op julle!*

# Wêreldboekdag

UNESCO Wêreldboekdag word op 23 April gevier. Dit is 'n spesiale dag wanneer ons letterkunde vier en nadink oor ons genot van boeke en lees. Om boeke en stories te lees neem ons op 'n towermatrit waar ons die wonders van ons planeet ontdek en in 'n wêreld van fantasie ontsnap. By Paarl-skool moedig ons, ons leerders aan om meer oor hul gunsteling onderwerpe te lees. Op Vrydag 23 April 2022 het ons aangetrek soos karakters uit ons gunsteling boeke! Dit was 'n dag gevul met magiese karakters en almal het hope pret gehad!


















# Landsdiens

In April 2022 het Paarl-skool se Landsdiens afgeskop deur plantjies te plant en die tuin mooi te maak vir "Aarde" week. So gee ons leerders terug aan die omgewing. Die naweek van 3-5 Junie 2022 was die eerste familiekamp op Touwsrivier gehou. Leerders en ouers het omtrent pret gehad. Spanwerk, handwerk, toere van die plaas, lekker kos, dans en vele meer aktiwiteite was 'n resep vir 'n genotvolle naweek!






# Sport Hoogtepunte

## Landloop

Ons landloopatlete het 'n wonderlike kwartaal van harde werk en toewyding geniet. Hulle het deur die kwartaal aan 5 liga-wedlope deelgeneem waar die meeste atlete hul posisies met elke wedloop verbeter het. Vier van ons senior atlete is tans in die eerste plek in hul ouderdomsgroep in die LSOB liga (Tatiana Kock O/14, Gift Gxilishe O/17, Matthew Sadoucas O/16, Joalet Viljoen O/16). Baie geluk aan al ons atlete. Ons bewonder julle uithouvermoë. Paarl-skool is trots op julle.









## Rugby

Ons is trots op Libu Tongo (O/15) en Yusuf Hannibal (O/14) wat vir Hoërskool Brackenfell in die onderskeie A-spanne rugby speel.




## Oud-leerders presteer

**Elanza Jordaan** verower goud by die **Wêreld Boccia Afrika Streekskampioenskappe.** Elanza speel sedert 2014 **Boccia** en met harde werk en haar **"Never quit"** motto behaal sy sukses. Paarl-skool is super trots op haar ongelooflike prestasie. Elanza en haar ma Sandrè Jordaan (suster by Paarl-skool) is 'n wenspan!





## Sokker

Dit was 'n wonderlike stap in die regte rigting toe skolesport hierdie kwartaal teruggekeer het na normaal. Paarl-skool se sokkerspanne het met groot entoesiasme begin oefen. Die O/16's se spel het baie verbeter. Om spanne soos Lindelani, Axios, Atlantis, De Grendal, Jan Kriel en selfs Westcliff aan te durf het geen tekort aan sterk teenstanders gelaat nie. Die O/14's het bo-aan hul onderskeie ligas geëindig, danksy 'n ongelooflike oorwinning teen Tafelberg, wat hulle die doelverskil gegee het om die 1ste posisie met albei hande aan te gryp. Welgedaan!




Elverno Rossouw en Molemo Mophomela speel huidiglik vir die O/23 Suid-Afrikaanse Rolstoelbasketbalspan. Hulle was vroeër hierdie jaar in Thailand om aan 'n driehoekige reeks deel te neem.





# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Die Voorskoolse Fase se speelkamer het 'n splinternuwe baadjie aangetrek. Die vloer is oorgedoen en die leerders geniet al die verskillende opvoedkundige speelhoekies, veral wanneer hulle nie kan buite speel nie.





## Grondslagfase

By die Grondslagfase van Paarl-skool werk ons hard en leer fluks, maar teen die einde van die kwartaal wanneer ons moeg gewerk is word ons bederf met 'n besoek van Giraffe House. Hulle het hul diere tot hier by ons gebring. Ons leerders het sommer weer baie geleer van slange, akkedisse en spinnekoppe!
Ons is so dankbaar vir ons ouers se liefde en ondersteuning, asook ons Hemelvader wat ons elke dag veilig hou.





## Funksionele Fase

Winter loer vir ons, en dit beteken net een ding ... PANNEKOEK! Op 25 Mei 2022 het die Funksionele Fase heerlike pannekoeke gebak en verkoop. Die ouers het bygedra met bestanddele en selfs kom help bak. Met lewendige musiek in die agtergrond is daar gebak en gerol. Altesaam was daar meer as 1700 pannekoeke gebak en uitgestuur. Dankie aan elke ouer, onderwyser, klashulp en leerder wat ons ondersteun het.







*Ons wens vir Mnr. Tiaan Koch geluk met sy huwelik in Mei – mag hy en sy vrou Cornel baie gelukkig wees.*

## Intermediêre Fase

Die leerders in die Intermediêre Fase het hierdie kwartaal weer baie geleer en ervaar. In Wiskunde het hulle geleer om probleme op te los en dinge vir hulself uit te werk. Dit is altyd lekker om meer van die rekenaar en tegnologie te leer en om kreatief te wees tydens die kuns periodes. Die opvoeders moedig die leerders aan om meer te lees vir die lekker en ook om hulle kennis uit te brei.







## Senior Fase

Die leerders in die Senior Fase se kreatiwiteit ken geen perke nie!



### Entrepreneurs

Die leerders het 'n kunswerk omskep in ‘n produk deur dit op lap te druk en dan ‘n bruikbare item te ontwerp. Hul pragtige ontwerpe het verander in duursame produkte soos kussings, medisinale sakkies, boontjiesakkies, plekmatjies, pennesakkies en nog vele meer. In die derde kwartaal sal die leerders se produkte by die Mnr. en Mej. Paarl-skool Ambassadeur gala-aand verkoop word. Ondersteun asseblief hierdie entoesiastiese entrepreneurs!

### Visuele Kuns

Graad 9 verf selfportrette deur verskillende skakerings van komplementêre kleure te gebruik.





# Werksvoorbereiding

Die werksvoorbereiding leerders is nou weer in volle swang met hulle indiensopleiding geleenthede wat op weeklikse basis by die skool plaasvind. Vir lank moes hierdie take eers op die agtergrond geplaas word weens Covid-regulasies en ons is dankbaar dat dit nou weer kan voortgaan. Die leerders geniet dit terdeë en terselfdertyd leer hulle waardevolle werksvaardighede en werksgewoontes aan met die hulp van bekwame personeel en vriende van Paarl-skool.










# Ondersteuningspan

Andriette de la Port (Arbeidsterapeut) tree in Julie af na 39½ jaar diens by Paarl-skool. Ons gaan haar lekker lag en sin vir humor mis, maar wens vir haar 'n gelukkige aftrede.



## Skolastiese- en Leerondersteuning

Paarl-skool roem daarop dat ons kreatiewe maniere soek om ons leerders met skoolwerk en algemene vaardighede te ondersteun, terwyl ons hulle so onafhanklik as moontlik hou. Danksy nuwe tegnologie, baat baie van ons leerders hierby. Waar nodig, word leerders toegelaat om rekenaars in die klas te gebruik. Ander tegnologie sluit alternatiewe maniere in om met die rekenaar te kommunikeer, soos “joysticks”, skakelaars en “Eyegaze” tegnologie waar die rekenaarmuis met die oë beheer word. Tydens toetse en eksamens gebruik leerders stemherkenningsagteware (die leerders praat en die rekenaar tik self) en teks-na-stem-sagteware (die rekenaar lees in Afrikaans of Engels die teks in die leerder se oorfone). Hierdie tegnologie is baie duur en as gevolg van begrotingstekorte gebruik sommige leerders mense wat hierdie funksie in die eksamens vervul.

Die afgelope kwartaal het die Senior Fase-leerders individuele studiehulp tydens skoolure ontvang ter voorbereiding van die volgende dag se eksamenvraestelle. Die Gr 4 – 9 leerders het tussen hulle die afgelope kwartaal ‘n allemintige 1320 vraestelle voltooi waarvan 1056 (80%) met assesseringsakkommodasies afgeneem is.



# PSOS

## Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Dit was 'n bedrywige kwartaal en danksy ongelooflike ondersteuning van Paarl-skool ouers en getroue donateurs met oop harte vir die leerders, het ons beplande projekte baie goed afgeloop.

**Die Wynveiling by Eensgezind op 18 Mei was 'n reuse sukses!**
Ons was oorweldig deur die vrygewigheid van die wynbedryf, individue en besighede wat bygedra het om **R150 000** in te samel.





### Loslitdag – 2 September 2022

Die tema hierdie jaar is **#ICELEBRATESA**
Ons beplan weer lekker aktiwiteite vir die dag! Die kinders gaan verras word met spesiale bederwe.

**ONTHOU:**
Met die verkoop van elke Loslitdag 2022-plakker van R20, ontvang die skool 'n skenking van R9.

**JY KAN BEGIN DEUR:**
Beveel jou kind se hoofstroomskool, jou maatskappy of werkgewer aan om hul 2022 Loslitdag-plakkers by Paarl-skool te koop en sodoende Paarl-skool op Loslitdag te ondersteun.




Vriendelike groete

Martie Wilmot
Paarl-skool Ontwikkelingstigting